

22 November

God gee die oorwinning deur sy regterhand

Skrif- en Fokusgedeelte: Psalm 18:1-7, 36-41

“U regterhand het my ondersteun, deur u hulp het ek sterk geword”, bely Dawid wanneer hy terugdink aan sy redding uit die mag van sy talle vyande asook van die aanslae van Saul. God se regterhand is beeld van sy persoonlike teenwoordigheid, maar ook van sy mag wat bo alle menslike mag uitgaan.

Sy kinders gaan soms deur groot gevaar. Dawid beskryf dit as “bande van die dood” en “strome van onheil” wat hom bedreig het. Daar was vir hom geen ontvlugting moontlik nie. Tog het God sy gebed in die hemelse paleis verhoor en redding gegee.

Die Here neem nie ons teëspoed weg nie. Hy lig ons ook nie op na die hemel nie. Nee, Hy ondersteun ons hier op aarde sodat ons sterk word. Dan oorwin ons die vyand. Deur sy krag oorkom ons die teenlae. Hy gee lewenskrag, soos toe Dawid die skape teen die leeu en beer moes verdedig (1 Sam 17:34). Met God is geen stadsmuur te hoog nie. Hy help my om die stramste boog te span.

Hy versterk ook ons geestekrag sodat ons nie moedeloos word nie. God gee lig as dit donker is om ons (Ps 18:29). Hy verseker die sondaarmens van sy vergewende liefde en leer ons om sy wil te gehoorsaam.

Loof God omdat Hy in Christus ook na jou uitgereik het. Wees verseker dat sy sterke regterhand aan jou die krag sal gee om geestelik en liggaamlik oorwinnings te kan behaal. Ook op hierdie dag.

Sing: Psalm 18:16

Dr. WC Opperman (Windhoek-Suid)